Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe




# EENHEID VIR GELYKWAARDIGHEID

# JAARVERSLAG

# Uitvoerende opsomming




2022 was ŉ mylpaaljaar vir die Eenheid vir Gelykwaardigheid. Onder talle ander prestasies, het die Eenheid die Universiteit Stellenbosch se eerste aanlyn platform vir die aanmelding van voorvalle van onbillike diskriminasie en teistering bekend gestel. Die platform is aanvullend tot die Universiteit se bestaande aanmeldingsmeganismes vir personeel en studente.

Ander uitstaande hoogtepunte was ons deelname aan die konferensie van die praktykgemeenskap (PG) vir gendergebaseerde geweld (GGG) wat GGG-praktisyns en studenteleiers uit verskillende universiteite in Suid-Afrika byeengebring het.

Om mense meer bewus te maak van die uitdagings vir die LGBTQIA+-gemeenskap op kampus – nog ŉ fokus van die verslagjaar – het die eenheid sosialemediaveldtogte gevoer, ambassadeursvideo's vervaardig en ŉ paneelbespreking saamgeroep om die uitdagings waarvoor die queer-gemeenskap te staan kom, uit te lig en ook inligting te verskaf om verandering teweeg te bring. Met dankbaarheid dat die Covid-19-pandemie uiteindelik verby was, kon ons ook ons jaarlikse 'First Things First'-welweesinisiatief hervat, om studente oor die voorkoming van MIV en seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) in te lig en ŉ gesonde lewenstyl aan te moedig.

Ons bou steeds voort aan vennootskappe in en buite die Universiteit Stellenbosch, deur medewerkende webinare en deelname aan verskillende paneelbesprekings oor temas van maatskaplike geregtigheid.

Aangesien die verslag van die onafhanklike Khampepe-kommisie van ondersoek na bewerings van rassisme aan die Universiteit Stellenbosch, wat teen die einde van 2022 vrygestel is, sekere implikasies vir die Beleid op Onbillike Diskriminasie en Teistering inhou, is die hersiening en samevoeging van hierdie beleid en die MIV/Vigs-beleid tydelik gestaak. Die proses sal in 2023 hervat word, ná behoorlike oorweging en inkorporasie van die voorstelle wat uit die verslag spruit.



# Voorwoord deur die hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die voorlegging van die jaarverslag van die Eenheid vir Gelykwaardigheid vir 2022 bied aan ons die geleentheid om oor die uitdagings en prestasies van die afgelope jaar te besin. Ons is trots op ons verbintenis tot maatskaplike geregtigheid en transformasie in die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel, maar besef dat ons steeds voor ŉ aantal komplekse hindernisse te staan kom.

Ons visie bly dieselfde: om ŉ besondere bydrae te lewer in ŉ 'VUCA'-wêreld (wisselvallig, onseker, kompleks en dubbelsinnig) deur innovasie, responsiwiteit, kritiese betrokkenheid, oorsig, empatie en nederige beslistheid. Ons weet dat ons vertroue en geloofwaardigheid by ons belanghebbers moet inboesem om hierdie visie te verwesenlik. Ons moet die talent van ons mense vrystel, ons diversiteit inspan, almal se waarde en potensiaal bevestig en ŉ bron van nuttige ondersteuning wees. Ons moet ook ons stelsels en prosesse belyn en opklaar, by ons doelwitte hou, en streng selfbesinning en -ontleding toepas. Spanterugvoer, empatie, samehorigheid, ondersteuning, vaardigheidsontwikkeling, betrokkenheid en sinergistiese kommunikasie is noodsaaklik vir ons sukses.

Deur hierdie beginsels aan te gryp, kan ons die uitdagings wat voorlê, oorkom en die Universiteit Stellenbosch se Visie 2040 verwesenlik.

Daar is enkele ontwikkelings wat in my besinning oor 2022 uitstaan. Saam met interne en eksterne belanghebbers het ons heelwat werk in die stryd teen afknouery in die werksplek gedoen, deur die boodskap in persoon, op sosiale media en deur aanlyn besprekingsessies te versprei. Inisiatiewe om die ondersteuning van ons LGBTQIA+-studente en -personeel te versterk, was een hoogtepunt en ons gesonde verhouding met die Universiteit se studenteverenigings het beduidende waarde tot hierdie projekte toegevoeg.

Die vrystelling van die finale verslag van die onafhanklike Khampepe-kommissie van ondersoek na bewerings van rassisme aan die Universiteit Stellenbosch was ŉ belangrike oomblik vir die Universiteit en die Eenheid vir Gelykwaardigheid. Die Kommissie het ŉ deurslaggewende rol gespeel in die uitstippel van ŉ pad na die oorbrugging van die diskriminasie en rassisme wat in die kultuur en praktyke van ons instelling vasgelê is. Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het onmiddellik die taak opgeneem om aktief by die inhoud van die verslag betrokke te raak, en oor die betekenis en nagevolge daarvan te besin. ŉ Onafhanklike spesialis in organisatoriese kompleksiteit is gekontrakteer om ons span te help om sin van die verslag te maak en optrede voortspruitend uit die aanbevelings daarvan te ontwikkel. Onder andere het dit daartoe gelei dat

ons die hersiening en samevoeging van ons beleide op diskriminasie en teistering, enMIV/Vigs opgeskort het. Die werk daaraan sal in 2023 hervat word.

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het institusionele meganismes ter bestryding van GGG in werking gestel. Ingesluit daarby was die ontwikkeling van ŉ konsep- strategiese plan vir GGG vir die Universiteit, die begin van die aanstellingsproses van ŉ werksgroep van akademiese kundiges om bystand met die konsepplan te verleen en die vestiging van ŉ rektoraatskomitee vir die monitering van GGG. Ons het ook by die praktykgemeenskap van universiteitspraktisyns in GGG aangesluit om te leer hoe ons die reaksie op GGG aan ons onderskeie instellings kon verbeter. In 2022 het hierdie vennootskap uitgeloop op die konferensie van die PG-praktisyns en studente van die universiteite aan ons kus, waarvan ons die mede-aanbieders was.

Om ons pogings om onbillike diskriminasie en teistering uit te wis, te versterk, het ons ŉ webgebaseerde oplossing bekend gestel waardeur studente en personeel sodanige insidente direk op ŉ gevallebestuursplatform kan aanmeld. Dit maak aanmelding maklik, vertroulik, veilig en, waar nodig, selfs anoniem. Die implementering van hierdie geïntegreerde aanlyn gevallebestuurs- en aanmeldingsplatform stel ons in staat om tendense beter te verstaan, aanspreeklikheid te versterk en verslagdoening aan die Rektoraat te verbeter. Op sy beurt sal dit lei tot meer doeltreffende beheer oor risiko's in die kampusomgewing en die vermoë om sake vinnig en verantwoordelik aan te pak.

Teen die einde van 2022 het ons ŉ proses begin om ŉ aanvullende, onafhanklik bestuurde platform in werking te stel waardeur onbillike diskriminasie, afknouery en seksuele teistering aan die Universiteit aangemeld kan word. Dit is sodat individue enige kwessies met meer vrymoedigheid by die Eenheid vir Gelykwaardigheid kan aanmeld.

Laastens het ons die publikasie van die referaat waarvan ons die mede-outeurs was, "Practitioner's perspectives on a national South African higher education institution policy framework mitigating gender-based violence at a South African university", gevier. Die referaat, wat in die International Journal of Critical Diversity Studies gepubliseer is, besin oor die implementering van die nasionale beleidsraamwerk oor GGG aan die Universiteit Stellenbosch en hoe institusionele beleidsontwikkeling, ondersteuningsdiensomgewings en senior leierskapstrukture vir hierdie doel ingespan kan word.

Natuurlik kan ek nie hierdie jaarverslag aanbied sonder om erkenning te verleen aan die toegewyde spanlede wat onvermoeid gewerk het om dit moontlik te maak nie. Ons is dankbaar vir julle toewyding aan die missie van die Universiteit Stellenbosch en die Eenheid vir Gelykwaardigheid en vir julle onwrikbare steun vir ons visie van maatskaplike geregtigheid. Julle toegewyde werk het ŉ beduidende impak en ons waardeer julle bydraes opreg. Julle bereidheid tot verandering en buigsaamheid, selfs in die aangesig van uitdagings, is besielend. Die Universiteit is gelukkig om oor so ŉ toegewyde span te beskik.

Ek vertrou dat die 2022 jaarverslag nie slegs die werk wat ons in die verslagjaar gedoen het, weergee nie, maar ons ook met hernude energie sal besiel om die noodsaaklike werk vir die jaar wat voorlê, aan te pak. Ons sien daarna uit om met interne en eksterne belanghebbers saam te werk om steeds ons mandaat ten uitvoer te bring.

**Jaco Greeff Brink**



# Voorwoord deur die bestuurder van die MIV en Seksualiteite-portefeulje

Met 2022 as die eerste 'normale' jaar ná Covid en die studente en personeel wat ten volle na die kampus teruggekeer het, was die MIV en Seksualiteite-portefeulje bly om weer aan die gang te kom en die personeel en studente van die Universiteit Stellenbosch te ondersteun om verantwoordelike en gesonde keuses ten opsigte van seksuele gesondheid uit te oefen.

Ons kon die jaar met ŉ versterkte portefeulje aanpak, danksy die aanstelling van Constance Matlholwa as programkoördineerder vir MIV, Gender en Seksualiteite.

In 2021 kon ons weens Covid-beperkings nie die jaarlikse 'First Things First'- (FTF) veldtog vir grootskaalse MIV-toetsing en welwees uitvoer nie. Ons was opgewonde daaroor om studente weer by te staan en in te lig oor hoe belangrik dit is om jou MIV-status te weet, en om algemene gesondheids- en welweesinligting in persoon by die geleentheid in 2022 aan te bied.

Ons kondoomverspreidingsprogram is voortgesit en interne en eksterne kondome, smeermiddels en pretpakkies is in geboue met baie voetverkeer, waaronder die Neelsie-studentesentrum, die US Biblioteek, studiesentrums en rekenaargebruiksareas beskikbaar gestel.

Met die studente weer terug op kampus, het opleiding ook spoed opgetel. Ons het die internasionale studente by ons semesterklasse en ons somerskoolmodules terug verwelkom. Gevolglik was die opleidingsyfers vir 2022 meer as dubbel die syfers vir 2021.

Met talle geleenthede beskikbaar, is ons positief oor die uitbreiding van ons omvang op al die kampusse van die Universiteit Stellenbosch. Ons sien ook uit na die bekendstelling van ons gelykwaardigheidsagente deur ons eweknie-opvoedingsprogram in 2023. Gelykwaardigheidsagente is opgeleide studente wat as bronne van inligting en verwysing in hulle klusters sal dien, wat die MIV en Seksualiteite-portefeulje se ondersteuning sal aanvul en ons kondoomverspreidingsprogram na alle koshuise sal uitbrei. Hierdie studente sal mense van die werk van die Eenheid vir Gelykwaardigheid oor die algemeen bewus maak, dapper gesprekke fasiliteer en as medefasiliteerders vir klustergebaseerde opleidingsessies deur personeel van die Eenheid vir Gelykwaardigheid dien.

Verdere planne vir 2023 sluit in meer opleiding (met ŉ gemengde benadering), spesifiek op personeel van die Universiteit Stellenbosch gerig, die verdere uitbreiding van ons dienste aan LGBTQIA+-studente en -personeel, en die vestiging van positiewe verhoudings met studenteverenigings. Ons sal ook ons personeel se persoonlike en professionele groei bevorder deur rigpuntbeoordeling, kapasiteitsbou en die uitruil van idees met interne en eksterne medewerkers en vennote.

**Michelle Munro**

# Voorwoord deur die senior gevallekoördineerder van die Onbillike Diskriminasie en Teistering-portefeulje



Onbillike diskriminasie, geslagsgebaseerde geweld en rassisme kom steeds in die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel voor. Vir baie Suid-Afrikaanse studente het die Covid-19-pandemie die situasie net vererger. Verskeie vorms van strukturele onderdrukking hou steeds gevaar in vir die akademiese sukses van talle.

Vir die Eenheid vir Gelykwaardigheid en veral die Onbillike Diskriminasie en Teistering-portefeulje, was 2022 ŉ ongeëwenaarde jaar ná ŉ skokkende rassismeverwante voorval aan die Universiteit Stellenbosch. Die voorval het gelei tot landwye protes, met selfs die Suid-Afrikaanse president, Cyril Ramaphosa, wat kennis geneem het. Kort ná die voorval het die Rektor en Visekanselier, Wim de Villiers, die aanstelling van oudregter Sisi Khampepe as voorsitter van ŉ onafhanklike kommissie van ondersoek na bewerings van rassisme aan die Universiteit aangekondig. Die kommissie het sy werk in Oktober 2022 afgehandel. Een van die bevindings in die kommissie se verslag was dat ŉ "deeglike hersiening van die Eenheid vir Gelykwaardigheid se prosesse, kapasiteit en teenwoordigheid aan die Universiteit gedoen moet word".

Met verloop van tyd het ons funksie verder begin strek as blote gevallebestuur en ook die herstel van die waardigheid en eer van die benadeelde party begin insluit. Ons bly daartoe verbind om ons beleide te versterk en inisiatiewe in te stel om onbillike diskriminasie, GGG en rassisme te bestry, en meer hulpbronne ter ondersteuning van studente en personeel te bied. Deur die doen van hierdie stappe wil ons bydra tot ŉ veilige en inklusiewe omgewing waarin alle studente en personeel kan floreer.

**Qaqamba Mdaka**

# Hoogtepunte in syfers

**Omvang van sosiale media:** 69 788

**Opleiding:** 2 941

**Gevalle van onbillike diskriminasie en teistering opgelos:** 47

**MIV-toetse gedoen:** 738

**Kondome versprei:** 52 700



# ŉ Oorsig van die Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid put sy inspirasie uit die Handves van Regte, wat verklaar dat daar nie onbillik teen enige persoon gediskrimineer mag word nie. Ons staan studente by wat geviktimiseer, seksueel geteister, of onbillik teen gediskrimineer is, of die slagoffers van gendergebaseerde geweld was. Ons fokus ook op MIV, die LGBTQIA+-gemeenskap, genderidentiteit en seksualiteite.

## Die Eenheid bestaan uit die volgende spanlede:

**Jaco Greeff Brink**, hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid | **Michelle Munro**, portefeuljebestuurder van die MIV en Seksualiteite-portefeulje | **Constance Matlholwa**, programkoördineerder vir MIV, Gender en Seksualiteite | **Nadine Christians**, kommunikasie- en bemarkingskoördineerder | **Adrian Paulse**, administrateur | **Dr Jill Ryan**, koördineerder vir Geweldlose Genderinteraksie | **Werner van Kerwel**, regsadviseur en ondersoeker | **Larona Matee**, gevallebeampte vir Onbillike Diskriminasie en Teistering | **Qaqamba Mdaka**, gevallekoördineerder vir Onbillike Diskriminasie en Teistering | **Greg Smith** (mediese ongeskiktheid)

## Die onderskeie spanlede verteenwoordig die Eenheid in die volgende strukture:

Bestuurskomitee van die Viserektor: Leer en Onderrig · Institusionele Komitee vir Personeelgesondheid en -Welstand · Institusionele Transformasiekomitee · GGG-moniteringskomitee · Gemeenskapsveiligheidsforum van Stellenbosch Munisipaliteit · Dekaan se Advieskomitee oor Transformasie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe · Die Universiteit Stellenbosch se Advieskomitee oor Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe · GGG-praktykgemeenskap · Nasionale Forum van Transformasiebestuurders · Transformasiemoniterings- en -evalueringsgroep · Advieskomitee van die Afdeling Studentesake op die Tygerbergkampus · Institusioneel Kommunikasieforum

In 2022 het die Eenheid vir Gelykwaardigheid die vakature van programkoördineerder vir MIV, Gender en Seksualiteite deur die aanstelling van Constance Matlholwa gevul. Constance het oorvloedige ondervinding op die gebied van gesondheid en die akademie.

Werner van Kerwel se posbenaming en -beskrywing is van gevalle-ondersoekbeampte na regsadviseur en ondersoeker verander. Dit stel die Eenheid in staat om van Werner se regsopleiding en -kundigheid gebruik te maak om ons van regsvoorligting te voorsien.




# Geweldlose Genderinteraksie-portefeulje

Die Geweldlose Genderinteraksie-portefeulje rig die institusionele reaksie op die bestryding van GGG. Dit sluit in toesig oor inisiatiewe onder leiding van studente en personeel en die lewering van omvattende steun, monitering en intervensies. Die Eenheid vir Gelykwaardigheid en die Universiteit Stellenbosch word ook deur ŉ aangewese koördineerder vir Geweldlose Genderinteraksie in ŉ aantal GGG-verwante forums en komitees verteenwoordig, waaronder die Wes-Kaapse Forum vir die Voorkoming van Geweld en sy bestuurskomitee, en die deskundige advieskomitee vir die Wes-Kaapse Veiligheidsplan.

In die verslagjaar was die volgende enkele van die inisiatiewe wat deur die portefeulje aangevoor is, of waaraan die portefeulje deelgeneem het:

# Moniteringskomitee teen GGG

Die kernfunksies van die Moniteringskomitee teen GGG sluit monitering, evaluering en verslagdoening in. Die bedoeling is dat die komitee sal uitbrei op die werk wat deur die ontbinde Verkragtingskultuurmoniteringskomitee gedoen is.

Die lede van die Moniteringskomitee teen GGG verteenwoordig die Universiteit se studentegemeenskap, steundienstepersoneel en akademiese omgewings. Hulle is:

- Dr Zethu Mkhize, hoof van die Transformasiekantoor;
- Jaco Greeff Brink, hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid;
- Dr Jill Ryan, koördineerder vir Geweldlose Genderinteraksie;
- Ebrahiem Abrahams, direkteur van Werknemerbetrekkinge;
- Nicolette van den Eijkel, hoofdirekteur van Fasiliteitsbestuur;
- Dr Choice Makhetha, senior direkteur van die Afdeling Studentesake;
- Lizzie Witbooi, maatskaplike werker by die Sentrum vir Studentevoorligting en -Ontwikkeling;
- Monica du Toit, ResEd-groepskoördineerder by die Sentrum vir Studentegemeenskappe;
- Alex Vink, bestuurder van Vroue- en Queerbemagtiging vir die Studenteraad vir 2021/22;
- Yaadien Padiachy, bestuurder van Vroue- en Queerbemagtiging vir die Studenteraad vir 2022/23;
- Catherine Bern, Tygerberg Studenteraadslid vir Studentewelstand;
- Felicia van Rooi, hoof van Studentedissipline;
- Jacolette Kloppers, spesialis- projekbestuurder van Strategiese Inisiatiewe; en
- Prof Taryn Young, hoof van die Departement Epidemiologie en Biostatistiek.

**Die komitee sal die pad vorentoe aandui vir die monitering en evaluering van die stand van GGG op kampus en sal ʼn tussentydse akademiese adviesgroep saamstel om insette oor die konsep- strategiese plan vir GGG te lewer.**



# Navorsing lig gendergebaseerde geweld op kampus uit

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid is trots op die artikel, met Jaco Greeff Brink (hoof van die Eenheid), Larona Matee (gevallebeampte), Qaqamba Mdaka (gevallekoördineerder) en Kaylon Weppelman (voormalige programkoördineerder vir MIV, Gender en Seksualiteite) as die mede-outeurs, wat in die International Journal of Critical Diversity Studies gepubliseer is. Die artikel, "Practitioner's perspectives on a national South African higher education institution policy framework mitigating gender-based violence at a South African university: Governance, implementation challenges and opportunities", besin oor die implementering van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se beleidsraamwerk oor GGG uit die perspektief van die Universiteit Stellenbosch.

Die outeurs put uit hulle ondervinding as praktisyns in die veld en verken die integrasie van die aanbevelings uit die nasionale raamwerk, identifiseer beperkings wat GGG-intervensies kniehalter, en assesseer hoe institusionele beleidsontwikkeling, professionele steundienste en senior leierskapstrukture aangewend kan word om GGG by hoëronderwysinstellings aan te pak.

# Besprekings plaas GGG en ander maatskaplikegeregtigheidsuitdagings in die kollig

Verskeie van die belangrikste maatskaplikegeregtigheidskwessies, waaronder GGG, geweld tussen lede van dieselfde geslag en die rol van mans in die bestryding van GGG, is tydens twee geleenthede op die Stellenboschkampus in die kollig geplaas. Albei het van skeppende werke gebruik gemaak om die gesprek mee af te skop.

By Huis Monica het die boek Ougat as inspirasie gedien vir ŉ paneelbespreking saam met die skrywer daarvan, Shana Fife, wat haar reis van oorlewing en maatskaplike kondisionering gedeel het. Meer as 40 studente en personeellede het die geleentheid, wat deur Senior Leefruimtes aangebied is, bygewoon. Daar is hoofsaaklik op mishandeling, GGG en geweld tussen lede van dieselfde geslag gefokus. Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het ook insigte oor onderwerpe soos seks en die samelewing se genderkondisionering, die interseksionaliteit van verkragtingskultuur, gewelddadige en toksiese verhoudings, en heling gedeel.

Die tweede geleentheid was ŉ bespreking van die teaterproduksie, Vloeibare Moed, gebaseer op die dood van Uyinene Mrwetyana, ŉ voormalige student aan die Universiteit van Kaapstad, wat GGG en mans se rol in die bestryding daarvan verken. Gaste kon ook met lede van die Eenheid vir Gelykwaardigheid oor dringende maatskaplikegeregtigheidsuitdagings en moontlike oplossings in gesprek tree.



# Onbillike Diskriminasie en Teistering-portefeulje

**Die Onbillike Diskriminasie en Teistering-portefeulje word deur ŉ gevallebeampte, ŉ gevallekoördineerder en ŉ regsadviseur en ondersoeker gehanteer. Die portefeulje staan personeel en studente by wat voorvalle van onbillike diskriminasie en teistering aanmeld, en bied opleiding aan oor GGG, steundienste en hoe om klagtes aan te meld. Die onderstaande bied ŉ oorsig van die hoofaktiwiteite van die portefeulje vir die verslagjaar:**

## Integrasie en hersiening van Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en die MIV-/Vigsbeleid

Die integrasie- en hersieningsproses van die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en die MIV-/Vigsbeleid is in 2021 aangevoor. ŉ Taakspan is byeengeroep om die twee beleide te integreer en te versterk, en om GGG as ŉ noodsaaklike fokuspunt in te voeg. Toe die verslag van die Khampepe-kommissie van ondersoek na bewerings van rassisme aan die Universiteit Stellenbosch teen die einde van 2022 vrygestel is, was dit duidelik dat sommige van die Kommissie se bevindings in die beleidshersiening opgeneem sou moes word. Die proses is dus tydelik gestaak om die Eenheid vir Gelykwaardigheid in staat te stel om die Kommissie se aanbevelings te oorweeg. Die beleidshersiening sal in 2023 hervat en afgehandel word.

## Bekendstelling van aanlyn aanmeldingsplatform

ŉ Aanlyn platform waarop studente en personeel voorvalle van onbillike diskriminasie, teistering, GGG en viktimisering kan aanmeld, is in die verslagjaar bekend gestel. Dit is die eerste van sy soort aan die Universiteit Stellenbosch. Dit is beskikbaar by www.sun.ac.za/thetha en is aanvullend tot die bestaande aanmeldingsinfrastruktuur, soos die toegewese e-posadres, unfair@sun.ac.za, en die Eenheid vir Gelykwaardigheid se instapdiens by Huis Simon Nkoli, Victoriastraat 39, Stellenbosch.






## Praktykgemeenskapspraktisyns werk saam

Op inisiatief van die Universiteit van die Witwatersrand het eendersdenkende universiteitspraktisyns ŉ praktykgemeenskap gevestig om die uitdagings van die stryd teen GGG by hulle onderskeie instellings te bespreek, en moontlike oplossings te deel. Tydens die Covid-19-inperking het die praktisyns aanlyn bymekaar gekom, maar in 2022 kon hulle die eerste konferensie in persoon in Durban hou. Die konferensie het gefokus op die versterking van werksverhoudings en die vind van maniere om prosesse te vereenvoudig om die beste moontlike reaksie op voorvalle van GGG op kampus te verseker. Die praktisyns het ook die Makhanda hooggeregshof se omstrede beslissing in die saak van Coko v The State (waar ŉ skuldigbevinding aan verkragting ter syde gestel is op grond van die sogenaamde "afwesigheid van dreigemente of dwang"), die Departement van Werkskepping en Arbeid se nuwe Kode van Goeie Praktyk vir die Voorkoming en Uitskakeling van Teistering in die Werksplek, en die uitdagings rakende toestemming bespreek.

ŉ Tweede PG-byeenkoms, waarvan die Eenheid vir Gelykwaardigheid die medegasheer was, het praktisyns en hulle eweknieë van die Universiteit Kaapstad, die Universiteit van die Wes-Kaap, Rhodes Universiteit en die Nelson Mandela Universiteit in Kaapstad byeengebring. Die vyfdaagse konferensie het reaksie en geen reaksie op voorvalle, die wet en gendergebaseerde geweld, aanspreeklikheid en hoe om mans en manlikheid te verstaan, verken. Ander onderwerpe was bestuursbeheer, forensiese ondersoek, strategiese beplanning, die LGBTQIA+-gemeenskap en regspraak.

# Versterking van gevalleondersoeke

Om gevalle van onbillike diskriminasie en teistering wat by die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangemeld word, beter te behartig, het die personeel ŉ driedaagse kursus oor werksplekondersoeke, wat deur die Oppenheimer Investigations-groep aangebied is, bygewoon. Die hibridiese opleiding, wat aanlyn en by die Universiteit van Kaapstad se Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied is, was gerig op die verbetering van ondersoeke, die skryf van verslae en gevalle-ontleding in die werksplek. Dit het ook die rol van die ondersoeker, die klaer, die respondent en getuies beklemtoon en die belangrikheid van onpartydigheid, vertroulikheid en deursigtigheid uitgelig.



# MIV en Seksualiteite-portefeulje

**Die MIV en Seksualiteite-portefeulje verskaf institusionele bewustheid, opleiding en ondersteuning ten opsigte van MIV en SOI's, gender en seksualiteite aan studente en personeel en ondersteun ook die LGBTQIA+-gemeenskap. Gratis materiaal oor die bevordering van seksuele gesondheid en veilige seks word versprei, en die portefeulje werk nou saam met Higher Health om studentewelstand te bevorder.**






## Verkenning van ŉ nuwe ko-kurrikulum

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het die Universiteit Stellenbosch by ŉ streekswerksessie van Higher Health verteenwoordig, wat inligting oor navorsing oor die inbring van ŉ geakkrediteerde, nieverpligte ko-kurrikulum gedeel het. Die bedoeling is dat die ko-kurrikulum op Higher Health se eweknie-onderwyshandleiding gegrond sal wees en onderwerpe soos gender, GGG, geestes- en seksuele gesondheid, selfsorg, MIV, genderdiversiteit, middelmisbruik en burgerlike opvoeding sal insluit. Indien dit suksesvol ontwikkel kan word, sal die ko-kurrikulum by al die hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika ingestel word.


## Somerskoolkursus oor MIV

Die MIV en Seksualiteite-portefeulje het die maatskaplikegeregtigheidskursus in gesondheid, "Hoe om MIV in die Suid-Afrikaanse konteks te verstaan", as deel van die somerskool van die Afrika-Doktorale Akademie, wat deur US Internasionaal aangebied word, gefasiliteer. Negentien internasionale studente het dit bygewoon. Die vyfdaagse kursus het ŉ verskeidenheid aanbiedings, aktiwiteite en uitstappies ingesluit, waaronder ŉ besoek aan die Be Part Yoluntu Centre (ŉ organisasie sonder winsbejag in Mbekweni, in die Paarl), waar studente eerstehandse insigte in antiretrovirale terapie (ART) kon opdoen en met kliënte omgaan. Studente het ook ŉ lesing oor ART deur dr Lize Hellstrom, een van die stigterslede van Be Part, bygewoon. Be Part dien as ŉ kliniesenavorsing- en ŉ MIV-gemeenskapsbewustheidsentrum.

# Welweesdag op Tygerbergkampus

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid, in samewerking met die Tygerberg Studenteraad en Sonke Gender Justice, het welweessiftings by die Tygerbergkampus se gesondheid- en welweesdag aangebied. Twee toetskraampies is by die Tygerbergstudentesentrum opgerig, waar studente gratis MIV-toetsing, SOI- en tuberkulose-siftings, geestesgesondheids- en middelgebruikassesserings, bloeddruk- en glukosemeting kon ontvang. Meer as 130 studente het hierby baat gevind.






# First Things First plaas welwees en MIV-toetsing in die kollig

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid se jaarlikse 'First Things First'-welweesinisiatief het sy terugkeer ná Covid gemaak. Die geleentheid fokus op hoe belangrik dit is om jou MIV-status te weet en ŉ gesonder lewenstyl te handhaaf. In 2022 het die Eenheid met organisasies soos Higher Health, Sonke Gender Justice, Marie Stopes, Gender Dynamix en die Triangle Project saamgewerk. Die AtHeart- mediese kliniek in Stellenbosch het gratis MIV-toetsing, SOI- en tuberkulose-siftings, bloeddrukmeting, liggaamsmassa-indeksberekenings, inligting oor borsondersoeke, en PrEP (voorblootstellingsprofilakse om die risiko van die opdoen van MIV te verminder) verskaf. Studente wat die inisiatief bygewoon het, het gratis interne en eksterne kondome en smeermiddels ontvang.

# Kommunikasie en Bemarking-portefeulje




Die Kommunikasie en Bemarking-portefeulje bemark die ondersteuningsdienste wat deur die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangebied word en maak mense daarvan bewus. Derhalwe het die portefeulje in 2022 verskeie veldtogte aangebied om onderwerpe van maatskaplike geregtigheid, soos mites en feite oor MIV en SOI's, afknouery, mikroaggressie teenoor LGBTQIA+-persone, die Eenheid vir Gelykwaardigheid se opleidingsaanbod, bondgenootskap tussen vroue, verbloemde en openlike GGG, en die rol van mans in die stryd teen GGG uit te lig. Enkele van die hoogtepunte word in die onderstaande aangedui:




# @Work-webinaarreeks

In samewerking met die Welstandskantoor van Menslike Hulpbronne en die Siyakhula-program van die Transformasiekantoor, het die portefeulje ŉ reeks @Work-webinare vir personeel aangebied.

## Afknouery in die werksplek

Hierdie webinaar is aangebied deur Shamima Gabie, ŉ diensregspesialis en direkteur by Cheadle Thompson & Haysom Inc Attorneys, en ons eie regsadviseur en ondersoeker, Werner van Kerwel. Die gesprek het werknemers se reg op ŉ veilige, ondersteunende en teisteringvrye werksomgewing uitgelig.

## Geestesgesondheid in die werksplek

In die webinaar oor geestesgesondheid in die werksplek, het Katlego Letlonkane, die Universiteit Stellenbosch se programbestuurder vir Diversiteitskapasiteitsontwikkeling, en Tracy Feinstein, ŉ senior voorligter by die Suid-Afrikaanse Depressie-en-angsgroep, praktiese strategieë vir die navigasie van geestesgesondheidsuitdagings in die werksplek gedeel. Die paneellede het ook oor hulle persoonlike ervarings van geestesgesondheid gesels.

## Rassisme in die werksplek

Hierdie sessie het die kollig laat val op verbloemde en openlike rassisme, werksplekkultuur en persoonlike verantwoordelikheid. Katlego Letlonkane was terug vir hierdie webinaar, hierdie keer saam met Busisiwe Nkosi, diversiteitsbestuurder by Steyn City School en lid van die Antirassisme-netwerk van Suid-Afrika.

Verdere webinare en paneelbesprekings wat deur die loop van die verslagjaar aangebied is, het godsiensvryheid, vryheid van identiteit en uitdrukking, en menseregte verken. In Vrouemaand is ŉ paneelbespreking ook in samewerking met die Afdeling Studentesake op die Tygerbergkampus en die Transformasiekantoor aangebied.

## LGBTQIA+-veldtog

In samewerking met die Afdeling Studentesake op die Tygerbergkampus en die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, het ons ŉ veldtog geloods om die uitdagings wat deur die LGBTQIA+-gemeenskap getrotseer word, uit te lig.

Aanlyn en kontakgeleenthede is aangebied, waaronder ŉ paneelbespreking deur drie kenners, naamlik die sielkundige en navorser, Elliott Kotze, die direkteur van die Pride Shelter Trust, Nicole Joy Alexander, en Leon Coetzee, student aan die Universiteit Stellenbosch en voorsitter van SPECTRUM!. Die paneellede het gesondheidsorg en veilige ruimtes vir die LGBTQIA+-gemeenskap, bondgenootskap, en die geestesgesondheidsuitdagings vir LGBTQIA+-individue bespreek.

Die veldtog het ook ŉ reeks video's deur ses LGBTQIA+-ambassadeurs van die Universiteit ingesluit. In die video's bespreek die US Kanselier, oudregter Edwin Cameron (voormalige regter van die Grondwethof van Suid-Afrika), prof Elmi Muller (dekaan van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), Jaco Greeff Brink (hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid), dr Choice Makhetha (senior direkteur van Studentesake), Alex Vink (voormalige studenteraadslid) en Fenele Ndebele (modulekoördineerder van Gedeelde Menslikheid) hulle persoonlike ondervinding van bondgenootskap en diversiteit.

## Bekendstelling van equalityunit@sun.ac.za

As deel van ons verbintenis tot gelyke geleenthede, het die Eenheid vir Gelykwaardigheid ŉ toegewese e-posadres bekend gestel, waar personeel en studente ons vir gespesialiseerde opleiding en ondersteuningsdienste kan kontak. Die e-posrekening – equalityunit@sun.ac.za – word deur toegewese spanlede gemoniteer, wat sake soos nodig verwys.






# Statistieke

## Die inspan van sosiale media

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid maak ten volle van sosiale media gebruik om sy dienste en inisiatiewe te bemark en daaroor te kommunikeer. In die verslagjaar het die Eenheid amper 70 000 mense bereik, soos per maand in die onderstaande aangedui:

| Maand | Bereik |
|---|---|
| Januarie | 907 |
| Februarie | 9 717 |
| Maart | 3 167 |
| April | 22 512 |
| Mei | 1 882 |
| Junie | 12 363 |
| Jule | 6 055 |
| Augustus | 6 396 |
| September | 8 461 |
| Oktober | 6 215 |
| November | 3 598 |
| Desember | 3 031 |
| **TOTAAL** | **69 788** |

## Opleiding

In 2022 het die Eenheid vir Gelykwaardigheid se opleidingsaanbod 2 941 personeellede en studente bereik.

| Maand | Bereik |
|---|---|
| Januarie | 0 |
| Februarie | 870 |
| Maart | 350 |
| April | 268 |
| Mei | 167 |
| Junie | 288 |
| Jule | 277 |
| Augustus | 274 |
| September | 180 |
| Oktober | 68 |
| November | 171 |
| Desember | 28 |
| **TOTAAL** | **2 941** |

# Opleidingsessies het ŉ groot verskeidenheid onderwerpe gedek, waaronder die volgende:

Sosiale identiteite
Ondersteuningsdienste van die Eenheid vir Gelykwaardigheid
Gender
Die ontleding van konflik
Trauma-onderlegde reaksies
MIV
Mikroaggressie
Die aanmeld van klagtes
Vooroordeel
Veilige seks
Onbillike diskriminasie
Onbewuste vooroordeel
Hoe om konflik te verstaan
GGG-sensitisasie
Gendergebaseerde geweld
SOI's
Seksualiteite
Bemiddeling
Gender in die werksplek
Hoe om onbillike diskriminasie te verstaan





## Verspreiding van materiaal oor veilige seks

| Maand | Eksterne kondome | Interne kondome | Smeermiddel |
|---|---|---|---|
| Januarie | 0 | 0 | 0 |
| Februarie | 3 000 | 0 | 0 |
| Maart | 2 400 | 50 | 50 |
| April | 4 880 | 380 | 180 |
| Mei | 2 200 | 100 | 250 |
| Junie | 3 100 | 100 | 250 |
| Jule | 2 600 | 0 | 100 |
| Augustus | 9 800 | 500 | 1 300 |
| September | 8 180 | 60 | 1 100 |
| Oktober | 10 400 | 150 | 1 300 |
| November | 4 800 | 0 | 600 |
| Desember | 0 | 0 | 0 |
| **TOTAAL** | **51 360** | **1 340** | **5 130** |



## MIV-toetsing

| Maand | Bereik |
|---|---|
| Januarie | 0 |
| Februarie | 25 |
| Maart | 131 |
| April | 484 |
| Mei | 0 |
| Junie | 2 |
| Jule | 0 |
| Augustus | 46 |
| September | 0 |
| Oktober | 49 |
| November | 1 |
| Desember | 0 |
| **TOTAAL** | **738** |

## Bestuur van gevalle van onbillike diskriminasie en teistering

| Klagtes ontvang | Nommer |
|---|---|
| Amptelike klagtes | 50 |
| Nieamptelike klagtes | 52 |

| Soorte klagtes | Nommer |
|---|---|
| Seksuele teistering | 15 |
| Teistering | 16 |
| Rassediskriminasie | 2 |
| Kuberafknouery | 4 |
| Seksuele aanranding | 3 |
| Advies | 5 |





**e:** equalityunit@sun.ac.za
**a:** Huis Simon Nkoli House, Victoriastraat 39, Stellenbosch
**t:** +27 21 808 3136
**Facebook, Twitter, Instagram:** @EqualityUnitSU